

# St. John Ogilvy

## 10 Maart

(1580-1615)

In 'n tyd toe die Katolieke geloof streng verbode was in sy vaderland, Skotland, studeer hy in Frankryk waar hy in kontak kom met die Katolieke Kerk en die groot besluit neem om self Katoliek te word. Hy sluit aan by die Jesuïete en word priester gewy. Ten spyte van die feit dat dit lewensgevaarlik was om Katoliek in Skotland te wees en alle Katolieke priesters uit die land verban was, keer hy tog terug om die klein groepie Katolieke by te staan wat hul geloof in die geheim moes uitleef. Hy is egter verraai en gearresteer en in die gevangenis geplaas waar hy met opset verhonger en daagliks geslaan en gemartel is. Hy was van nature 'n opgeruimde mens en selfs die verskriklike foltering en mishandeling wat hy verduur het kon sy blymoedige gees nie onderkry nie. Dit het tot sy bewakers en die wagte in die gevangenis beïndruk. Ná vyf maande van grusame foltering en pyniging is hy in Glasgow opgehang.

© Die Oratorium Uitgewery